Close this circular | Maak omsendbrief toe | Buyela emva

Navrae: Nariman Khan
Oscar Apollis

Telefoon: 021 467 2597/ 8

Faks: 021 467 2573

Verwysing: 13/12/45/1
20090505-0080

Wes-Kaap Onderwysdepartement

Western Cape Education Department

ISebe IeMfundo IeNtshona Koloni

OMSENDBRIEF : 0023/2009
VERVALDATUM : GEEN

AAN: **HOOFDIREKTEURE,DIREKTEURE,IBB-BESTUURDERS, KRINGSPANBESTUURDERS, IBB-ADVISEURS, PRINSIPALE, BEHEERLIGGAME, OPVOEDERS EN LEERDERS VAN OPENBARE PRIMÊRE EN SEKONDÊRE SKOLE**

KORT OPSOMMING: *Hierdie omsendbrief stel bekend die wysigings tot die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996 (Wet 84/1996) (Hierna SASW), soos gepromulgeer in die Wysigingswetsontwerp vir die Onderwys, 2007 (Wet 31 van 2007), wat handel oor die willekeurige visentering en beslaglegging en dwelmtoetsing op skool, en verduidelik verder die apparate wat gebruik word vir dwelmtoetsing en die prosedure wat gevolg moet word ingevolge Kennisgewing 1140, Regeringskoerant No. 31417 van 19 September 2008.*

ONDERWERP: WILLEKEURIGE DEURSOEKINGS EN BESLAGLEGGINGS EN DWELMTOETSE BY SKOLE

1. Ingevolge Artikel 8A (1) van die SASW mag niemand 'n gevaarlike voorwerp of onwettige dwelmmiddel na skoolgronde bring of sodanige voorwerp of middel in sy of haar besit hê op skoolgronde of tydens enige skoolaktiwiteit nie.
2. Artikel 8A (2) van die SASW gelas die prinsipaal of sy of haar gedelegeerde om willekeurig enige groep leerders of die eiendom van 'n groep leerders vir enige gevaarlike voorwerp of onwettige middel te deursoek, indien 'n billike en redelike suspisie bestaan.
3. Artikel 1 van die SASW definieer die volgende terme:

    - ***Gevaarlike voorwerpe***, as verwysend na 'n plofbare materiaal of toestel; enige vuurwapen of gaswapen; enige artikel, voorwerp of instrument wat gebruik mag word om 'n persoon leed aan te doen of skade aan eiendom aan te rig, of om 'n persoon tydelik verlam of onbewus te maak of enige voorwerp wat deur die Minister in die Staatskoerant as gevaarlik verklaar is;
    - ***Onwettige dwelms***, as enige onwettige middel wat 'n sielkundige of fisiologiese uitwerking het of enige middel met sodanige effek wat wederregtelik in besit is; en
    - ***Skoolaktiwiteit***, as enige amptelik opvoedkundige, kulturele, ontspannings- of sosiale skoolaktiwiteit, binne of buite die skoolterrein.

4. Die SASW bevat uitgebreide prosedures in Artikel *A, subartikel (1) tot (14) en reguleer die omstandighede en toestande waaronder willekeurige visentering en beslaglegging en dwelmtoetsing in skole uitgevoer en hanteer kan word. Die volgende kritieke bepalings word beklemtoon:

    (a) Die prinsipaal en sy/haar afgevaardigde moet die visentering waarneem, maar moet van dieselfde geslag wees as die leerder. Die prinsipaal of sy/haar afgevaardigde mag ook na willekeur urinetoetse of ander ingreepsvrye toetse op 'n leerder uitvoer. Hierdie aktiwiteite mag uitgevoer word op grond van 'n billike en redelike vermoede dat gevaarlike voorwerpe en/of onwettige dwelms op skoolterreine of tydens 'n skoolaktiwiteit gevind mag word;

(b) Waar sodanige gevaarlike voorwerp of onwettige dwelm deur die prinsipaal of sy/haar afgevaardigde gekonfiskeer is, moet dit korrek gemerk en ge-etiketteer word met volledige besonderhede van die leerder, en enige gevaarlike voorwerp of onwettige dwelm wat gekonfiskeer is moet aan die polisie oorhandig word, wat op hulle beurt 'n amptelike kwitansie aan die prinsipaal of y/haar afgevaardigde sal uitreik;

(c) Die geïmpliseerde leerder kan onderwerp word aan dissiplinêre stappe in die geval waar 'n gevaarlike voorwerp of onwettige dwelm gevind is of waar so 'n leerder positief getoets het vir 'n onwettige middel;

(d) Daar mag egter geen kriminele stappe ***deur die skool teen die leerder*** gedoen word t.o.v. die besit van 'n gevaarlike voorwerp of onwettige dwelm of positiewe toetsing vir 'n onwettige middel nie.

5. Verdere riglyne oor willekeurige visentering en beslaglegging en dwelmtoetsing word in Bylae B van Regeringskennisgewing 1140 van 2008 gegee en sluit die volgende in:

   Algemene riglyne

   - Die benadering tot visentering en beslaglegging;
   - Praktiese stappe vir visentering en beslaglegging;
   - Bestuur van moontlike onderbrekings tydens die visentering;
   - Tyd van visentering;
   - Delegering indien die prinsipaal nie beskikbaar is nie;
   - Hoe om 'n leerling wat onwillig is om deursoek te word, te hanteer;
   - Hoe om te handel met 'n noodtoestand wat omstandighede behels waarvoor daar nie noodwendig voorsiening gemaak is in artikel 8A van die Wet nie;
   - Beslagleggingsprosedure;
   - Riglyne vir beslaglegging;
   - Die benadering tot dwelmtoetsing;

6. Ingevolge artikel 8A (11) van die SASW word die minister gelas om die lys van toestelle en prosedures om te volg te identifiseer vir die toets vir dwelms, en om sodanige relevante inligting in die Staatskoerant te publiseer. Die volgende lys van toestelle is deur die Minister geïdentifiseer en die skool moet slegs een hiervan gebruik:

   - Dwelmbespeurende veestelsel vir oppervlaktes;
   - Een-stap kokaïentoetsstrokie;
   - Multidwelmtoets;
   - *Quicktox*-dwelmsiftingsdoopkaarttoets;
   - *Monitect*-dwelmsiftingskassettoets;
   - Toxcup-dwelmsiftingsbekertoets;
   - Multipaneel-dwelmtoetsapparaat;
   - *Smart check* dwelmsiftingstoets;
   - *Drug smart* beker;
   - *Avitar oral screen 4 of drugometer*.

7. Artikel 8A dien as 'n beperking van die Grondwetlike regte verleen in die Handves van Menseregte verskans in die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1966 (Wet 108 van 1996) en moet daarom geïmplementeer word met die nodige respek vir menslike waardigheid, privaatheid en die reg op eiendom van die betrokke leerders.

8. Bylae A van die Skedule tot die Regeringskennisgewing 1140 van 2008 stipuleer 'n lys van tekens en simptome wat kan dui op moontlike dwelmgebruik (soos verkry van die Suid-Afrikaanse Raad vir Alkoholisme en Afhanklikheid (SANRA) wat onder die volgende subhofies behandel word:

    - Fisiese aanwysers;
    - Gedragsaanwysers;
    - Emosionele aanwysers;
    - Sosiale aanwysers.

9. Die Wysigingswet op Onderwyswette, 2007 (Wet 31 van 2007), kan gevind word in die Staatskoerant, 4 Mei 2007, en die Regeringskennisgewing 1140 kan ook gekry word op www.education.gov.za.

10. Bring asseblief die inhoud van hierdie omsendbrief onder die aandag van alle opvoeders, ouers, leerders en betrokkenes.

GETEKEN: RB SWARTZ
HOOF: ONDERWYS
DATUM: 2009:06:30

Grand Central Towers, Laer-Parlementstraat, Privaatsak X9114, Kaapstad 8000
Meld asseblief verwysingsnommers in alle korrespondensie
VEILIGE SKOLE: 0800 45 46 47
INBELSENTRUM: 0861 92 33 22

Die volgende dokument(e) het betrekking op hierdie omsendbrief.
Adobe Acrobat Reader® word benodig om hierdie dokumente te lees / druk.
Kliek op die onderstaande titel: die dokument sal in Adobe Acrobat Reader® oopmaak waar u dit kan lees en/of druk.
Kliek op die WKOD-aanlyn logo aan die bokant van die skerm om terug te keer na die omsendbrief.
Bylae A: "*Other relevant information to be considered before the drug testing device may be used*" (grootte: 181 KB)
Bylae B: "*Guidelines for random search and seizure and drug testing at schools*" (grootte: 519 KB)

"*Education Laws Amendment Act, 2007: Genaral Explanatory Note*" (grootte: 450 KB)
"*Notice 1140 of 2008*" (grootte: 404 KB)

na bo

Close this circular | Maak omsendbrief toe | Buyela emva